

# Suid-Afrika moet nou van rigting verander

Het Covid-19 so kort ná die staatskaping Suid-Afrika in 'n onomkeerbare spiraal laat beland waaruit ons nie maklik gaan kom nie? Die fiskale beleid was die afgelope dekade relatief toegeeflik, maar pogings om die begrotingstekort te verminder is voorkom deur wêreldwye lae ekonomiese groei, 'n skerp daling in Suid-Afrika se ekonomiese groei en swak bestuur.

Suid-Afrika se verbruikers van landbouprodukte is gehul in buitengewone ekonomiese omstandighede wat nog nie voorheen in dié geslag se bestaan beleef is nie. Die toename in die totale regeringskuld van lande wat deel vorm van ontwikkelde en ontwikkelende ekonomie is ysingswekkend. Die skuldvlakke van regerings wêreldwyd was nog nooit so hoog soos nou nie.

Suid-Afrika moet nou daarop klem lê om oor die volgende drie jaar die land se begrotingstekort hok te slaan en regeringskuld tot 95% van die bruto binnelandse produk te beperk deur die volgende maatstawwe:

- Beperk die groter wordende salarisrekening in die staatsdiens.
- Beskerm die belegging in infrastruktuur en moenie daarop besnoei nie.
- Stel belastingverhogings in vir die volgende drie jaar.

Dit is onseker hoe laasgenoemde sal uitwerk weens 'n reeds belastingvoos gemeenskap.

Ekonomiese groei gaan vanjaar na verwagting met 6% daal en die inkomste uit belasting met 18%. Die verwagting is dat Suid-Afrika se belastinginkomste eers teen 2027 kan herstel.

Handelsyfers het wêreldwyd drasties gedaal. Suid-Afrika se afname in handel is egter nie die swakste ter wêreld nie en die verwagting is dat ekonomiese groei kan herstel en volgende jaar 3,3% kan beloop.

Ons moet verseker dat 'n hernude styging in Covid-19-gevalle en inperkings of grendeltydperke wat opnuut in ons uitvoerbestemmings ingestel word, nie handel van vooraf ontwrig nie.

Op mediumtermyn kan ekonomiese groei 2% beloop. Na verwagting gaan inflasie en reële ekonomiese groei skerp daal, terwyl die ekonomie verder gaan inkrimp. Dié twee aspekte plaas die land se regeringsinkomste onder groot druk.

## ONDERSTEUN GROEI

Die Reserwebank se verlaging van die repokoers met 2,75 persentasiepunte sedert Maart bied verligting.

Die aankondiging dat plaaslike owerhede elektrisiteit van onafhanklike kragvoorsieners kan aankoop en die uitbreiding van die digitale spektrum word verwelkom omdat dit 'n bydrae tot ekonomiese groei kan lewer.

Die presidensie se infrastruktuurfonds gaan skerp daarop toegespits wees om die aantal projekte te vermeerder. Die kerngedagte van Operasie Vulendlela se toepassingspan, wat deur dr. Shaun Philips gelei word, is dat op die ontwikkeling van infrastruktuur klem gelê moet word en dat koördinering verbeter moet word. Daar word daarna gestreef dat die parlement regulasies en wetgewing wat ekonomiese groei bevorder, in die toekoms vinniger sal goedkeur.

## LET HIERNA OP

Ons moet hoop dat ekonomiese groei wêreldwyd spoedig sal herstel en dat inperkings en grendeltye nie tot dieselfde mate as vanjaar in die volgende drie jaar 'n vernietigende impak op toekomstige ekonomiese aktiwiteite gaan hê nie.

Dit is ook belangrik dat onderhandelinge met die arbeidsektor slaag en dat salarisse in die staatsdiens doeltreffend vir die volgende drie jaar bevries word. Die hofsaak rakende die vorige salarisonderhandelinge is steeds uitstaande en die opkomende onderhandelinge vind reeds weer in die volgende paar maande plaas. Gevolglik is die risiko groot dat die bevriesing van staatsalarisse vir die volgende drie jaar kan skipbreuk lei.

Hou in gedagte dat die nasionale tesourie se voorstelle wat salarisse betref, net op nasionale regeringsvlak van toepassing is, wat net sowat 48% van die regering se salarisrekening verteenwoordig. Staatsdienspersoneel op provinsiale vlak se salarisrekening maak sowat 42% van die totale salarisrekening uit en op munisipale vlak 10%. Die nasionale tesourie se besluite is nie van toepassing op provinsiale en munisipale vlak nie.

Salaris- en loononderhandelings volg ook 'n ander proses. Die nasionale tesourie het ook nie beheer oor salaris- en loononderhandelinge wat staatsbeheerde instellings betref nie.

Die voorstelle van die nasionale tesourie kan dus nie oor die totale regeringsektor in werking gestel word nie. Dit kan eers gebeur wanneer wetgewing vir hierdie doeleindes gewysig word. As dit in die volgende jaar deurgevoer kan word, behoort salarisse op provinsiale en munisipale vlak in die daaropvolgende jaar ook bevries te kan word.

## POLITIEKE OORWEGINGS

Dit is noodsaaklik dat die uitstaande hofuitspraak in Suid-Afrika se belang beslis word sodat die land nie genoodsaak word om bykomende regeringskuld aan te gaan nie. Die hofsaak behoort in die eerste helfte van Desember plaas te vind en dit kan daartoe lei dat die nuwe reeks salarisonderhandelinge vertraag word. Die regering se voorstelle is dus suiwer en die nasionale tesourie is vasbeslote om die begrotingstekort oor tyd uit te wis en regeringskuldvlakke te stabiliseer.

Ekonomiese groei kan op medium- tot langtermyn herstel as pres. Cyril Ramaphosa se ekonomiese herstelplan wel vrugte gaan afwerp.

Politici gaan egter tydens die hofsaak in die eerste twee weke van Desember getoets word of hulle regtig Suid-Afrika se ekonomiese toekoms bo eie belang gaan stel of die land gaan oorlaat om in Argentinië se spore te volg. (Argentinië was in Mei vanjaar nie in staat om rente van sowat $500 miljoen op uitstaande regeringskuld terug te betaal nie.) **LBW**

BRONNE: Agbiz Grain; nasionale tesourie.

*Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van AgbizGrain.*